

6 Maart 2022



041 367 1485 | [info@pehoogland.co.za](mailto:info@pehoogland.co.za) | [www.pehoogland.co.za](http://www.pehoogland.co.za)



## Program vir die dag

- 09:00 Oggenddiens : Familiediens - Ds Pieter Nel  
Hoogland het vanoggend die voorreg om vir **Nina van Tonder** dogtertjie van Ryno & Rinda en **Luka Jacques Smit** seunjie van Juan & Carla-Mari te doop.
- 10:00 Geloofsvormingsgroepe in onderskeie lokale
- 10:45 GVG Mentorstoerusting
- 17:00 Buffelsfonteindiens : Nagmaal

*(10% van Sondag se dankoffers word gegee vir Diens van Barmhartigheid)*

## Program vir die week

Dinsdag: 8 Maart

14:00 Vroue Bybelstudie

Woensdag: 9 Maart

08:45 Buffelsfontein Bybelstudie

10:00 Gemeente Bybelstudie

18:00 Faith, Fire, Friends

Donderdag: 10 Maart

10:00 Erediensbediening Koffie-gesprek

Vrydag: 11 Maart

05:30 Mannebediening

Saterdag: 12 Maart

10:00 Dorings & Daisies

## Hoogland Dankoffers



Snap here to pay



### Bankbesonderhede

NG Kerk PE Hoogland  
ABSA

Rek - 1400 149 980  
Takkode - 632005



Zapper

## Hoogland Aanlyn



079 815 9325



facebook.com/  
pehoogland



#hooglandpe



PE Hoogland

Indien u vanoggend 'n nuwe intrekker/-lidmaat of 'n besoeker in die gemeente is, wil ons net sê:

*Baie welkom by vanoggend se  
Hoogland-familiediens!*

*Mag Hoogland u geestelike tuiste word.*

## Hoogland Erediensbediening



### Erediensbediening:

### Dankie vir jou bereidwilligheid om te dien!

Jy word uitgenooi na 'n saamdrink - koffiekuier

Kom gesels saam oor hierdie belangrike  
bediening in Hoogland!

Donderdag, 10 Maart om 10:00  
in Hoogland se Kerksaal

RSVP asseblief by Annalize in die Kerkkantoor @9 Maart!

**Baie dankie** aan elkeen wat nuut kom aanmeld het by die Erediensbediening en ook aan al die bestaande Hoogland-hande wat so getrou dien!

Kom gesels asseblief saam oor hoe hierdie bediening met sy verskillende fasette vorentoe gaan werk:

**Donderdagoggend,**

**10 Maart**

**om 10:00 in die Saal**



## Hoogland Jubeljaar: #20

Leef in *EENVOUD* hierdie week

Bid en dink hierdie week oor wat jy kan doen / weggee om meer eenvoudig te leef.

Die volgende gedeeltes kan ons help dink:

Maandag: *eenvoud* in die skat van jou hart - Matteus 6:21

Dinsdag: *eenvoud* in vertrou - Matteus 6:25-34

Woensdag: *eenvoud* in gebed - Matteus 6:9-13

Donderdag: *eenvoud* in geluk - Matteus 5:3-20

Vrydag: *eenvoud* in daade - Matteus 6:1-4

Saterdag: *eenvoud* in gehoorsaamheid - Matteus 6:21-23

## Hoogland word 50!

Deel van Hoogland se feesvieringe behels dat daar deur die jaar aandenkings beskikbaar gaan wees. Die eerste is die **donkerblou T-hemde** met die 50-jaar logo op wat Hooglanders deur die jaar kan dra.

Sondag, 6 Maart 2022 (*vandag*) is die laaste geleentheid om jou bestelling te plaas vir die eerste lot ("batch") om hopelik beskikbaar te wees vir die Gemeentekamp!

Ons beoog om een keer per maand te bestel soos nodig.

**Pryse: Kinders : 2-14 jaar R70 / Volwassenes : S-3XL R100**

**Dit werk maklik.**

1. Voltooi die bestelvorm in duplikaat. (Die een helfte is vir die kantoor die ander helfte hou u) Neem asseblief kennis van die verwysingsnommer REGS BO in die hoekie vir enige navrae asook EFT - betalings.
2. Handig een in by Gemeentedienste of die kerkkantoor of skandeer en e-pos dit na [annalize@pehoogland.co.za](mailto:annalize@pehoogland.co.za)
3. U kan vandag, asook volgende Sondag, na die groottes kom kyk in die Voorhuis of deur die week by die kerkkantoor. U sal nie kan aanpas nie, ter wille van higiëniese redes.
4. Hou ons sosiale media dop – ons sal laat weet wanneer dit beskikbaar is.
5. Betaling geskied wanneer u dit afhaal – verkieslik in kontant met die korrekte bedrag of bewys van die EFT betaling.

**Kry gerus jou T-hemp en kom vier saam met Hoogland haar 50ste Jubeljaar!**

## GELOOF DEUR LIEFDE TOT DADE:

- **Rooi lappe in Lydenstyd:** Vanaf Aswoensdag sal daar rooi lappe rondom van die bome op die kerkterrein gedraai word. Dit dien as getuie in ons leefwêreld / omgewing dat die kerk in Lydenstyd is. **Sal dit nie 'n kragtige getuie wees as elke Hoogland gesin êrens by jou huis 'n rooi lap om 'n boom draai of rooi lint aan jou hek/deur vasmaak nie.** Soos wat ons deur die woonbuurte ry sal ons getuie sien van lidmate wie se *geloof deur liefde tot daad oorgaan*. Indien jy nie 'n rooi lap het nie, is daar by Gemeentedienste beskikbaar na afloop van die erediens of gedurende die week by die kerkkantoor @ R30 elk.
- **Hout verkope:** Ondersteun asseblief die NG Gemeente Pearston wat droë doringhout verkoop @R30/sak. Skryf jou bestelling op die bestelvorm by die twee hoofdeure neer en BETAAL MET AFHAAL. Ons sal jou laat weet wanneer dit hier is!
- **'n Fiets vir Joseman:** Hoogland se staatmaker, Joseman, is asseblief opsoek na 'n fiets waarmee hy daagliks werk toe en terug kan ry! Indien daar iewers 'n ongebruikte fiets by jou rondstaan, wat jy graag vir hom wil skenk, laat weet asseblief die kerkkantoor!
- **Voorskoolse GVG Groepie:** Hoogland se voorskoolse Geloofsvormingsgroepie saam met Tannie Eileen is opsoek na studente / jong mense wat haar op 'n roterende basis kan help met die aanbied van die lessies. Hulle wil ook graag speel en lekker SING, maar benodig 'n CD speler. Indien daar iewers in jou huis 'n ongebruikte CD speler rondstaan, laat weet asseblief vir Leandra in die kerkkantoor!
- **Hoogland Familiekamp: 1 - 3 April te Innikloof (14km buite Hankey)** Daar is nog kampstaanplekke & 1 huisie beskikbaar. Bespreek asseblief dadelik by Leandra in die Kerkkantoor as jy en jou familie wil kom saam kamp. Moenie hierdie kuiergeleentheid misloop nie. Vir die Hooglanders wat nie saam kan kom nie, julle is welkom om die Saterdag of Sondag saam met die kampers te kom kuier, swem en lekker braai.



Die **DONKER VLOOTBLOU** strikkie wat Ds Pieter gedurende Maart maand sal dra, is ter bewusmaking en ook ondersteuning van almal wat geraak word deur Kolonkanker.

Nasionale data toon 1/79 mans en 1/134 vroue in Suid Afrika sal waarskynlik in hulle leeftyd kolonkanker ontwikkel.